

In gesprek met

DIE GIDEONS

Ds Hennie van Wyk, Primrose

Die artikel in DIE KERKBLAD van 9 Augustus 1995 het 'n sterk reaksie uitgelok van die kant van DIE GIDEONS. Die Nasionale President, Prof. Carlo Gagiano en die Internasionale Verteenwoordiger, Mnr. Roelof van Wyk het my besoek op 29 Augustus 1995. Graag wil ek die volgende deurgee ten opsigte van ons gesprek.

1. AGTERGROND

In die eerste plek het ek verduidelik dat die artikel soos wat dit gedruk is in DIE KERKBLAD nie is soos ek dit ingestuur het nie. Die drukkers het die uitleg van die eerste punt (Vereniging of kerk) totaal verander sodat die agtergrond vir my kritiekpunte totaal vervaag het.

Tweedens het ek die kritiek reeds aan die einde van April aan DIE GIDEONS gestuur, maar tot op datum van die gesprek het ek geen reaksie van hulle kant ontvang nie. Die kritiek was presies in die formaat waarin ek die artikel na DIE KERKBLAD gestuur het.

2. DIE GESPREK

Weens die beperkte tyd wat ons kon praat, is slegs oor die volgende gepraat:

2.1 BYBELVERSPREIDING

Dit is duidelik dat DIE GIDEONS 'n taak verrig en geleentheid het om die Woord van die Here te versprei wat soms vir die kerk ontoeganklik is. Hierdie positiewe werk kan nie onderskat word nie. Hulle het my verseker dat daar soms volledige Bybels versprei word, maar hoofsaaklik Nuwe Testamente in al die inheemse tale. Ek het my kommer uitgespreek dat hulle praat van "Bybels" terwyl dit net Nuwe Testamente is – en dus nie die volledige openbaring van God nie.

2.2 BEWOORDING AGTER IN DIE NUWE TESTAMENTE

Ek is daarop gewys dat die bewoording "Almal kan gered word" ('n sterk punt van my kritiek) verander is na "Jy kan gered word" (na 'n gesprek met Ds AGS Venter). Dit is in al die inheemse tale verander, maar die Nuwe Testamente in Engels (vanaf die VSA) is nie verander nie. Ek het verduidelik dat die bewoording, die inskryf van 'n naam en datum tog 'n sekere dogma verkondig – dié van die Metodisme en Pentekostalisme – en dat dit nie werklik aanvaarbaar is nie. Dit plaas 'n sekere druk op veral die kind om wel 'n datum van bekering vas te stel, terwyl dit gewoonlik nie vir 'n kind wat in die

verbond opgroei, bepaalbaar is nie. Hulle verduideliking was dat dit vir 'n leser 'n riglyn moet bied om as die Heilige Gees wel in die leser se hart gewerk het. My voorstel is dat hierdie bladsye liefs uitgelaat moet word of dat die leser aangemoedig word om 'n kerk te soek wat die evangelie suiwer verkondig.

Byvoorbeeld: As Openbaring 3:20 aangehaal word kan dit lyk asof die keuse by die mens lê of hy vir Jesus die deur wil oopmaak. Dit is 'n baie geliefde teks by die Metodisme en Pentekostalisme wat glo dat alle mense wat hulle verstand gekry het, heidene is en tot bekering geroep moet word. As 'n mens egter dit saam met bv. Johannes 6:44 en Efesiërs 2:5, 8 lees is dit duidelik dat dit God se keuse is en die mens moet reageer op sy genaderoop.

2.3 TERUGGEE VAN DIE GIDEONSTESTAMENTE

Hierdie opmerking in die artikel moet gesien word in die lig van my beswaar ten opsigte van die woorde agter in die Nuwe Testamente, en nie omdat ek teen die Bybelverspreiding van DIE GIDEONS is nie. Hulle het my ingelig dat daar selfs onder die Afrikaansprekendes kinders is wat nie 'n Bybel het nie en dat hulle so die evangelie wel ontvang.

3. ONBEANTWOORDE SAKE

Daar was nie geleentheid om te praat oor die hele gedagte dat DIE GIDEONS hulleself sien as die verlengde arm van die kerk nie – nie in die sin van wat met “kerk” verstaan word nie. Uit die gesprek was dit duidelik dat elke Gideon 'n aktiewe lid van sy kerk moet wees.

Daar is ook nie indringend gepraat oor die aspekte rondom “interkerklik” nie. Die nadeel (vir ons as Gereformeerdes) is natuurlik dat géén dogma gepreek mag word nie. Ons as kerk het 'n baie duidelike dogma wat ons onder geen omstandighede kan prysgee of afwater nie.

4. WAARHEEN NOU?

Ons as Gereformeerdes moet baie ernstig besin oor die uitdra van die evangelie.

Tussen die Bybelgenootskap en DIE GIDEONS is daar 26432968 Bybels en Bybeldele die afgelope 10 jaar versprei. Ek wonder 77% van Suid-Afrika se inwoners met die 1991-sensus kan beweer dat hulle christene is, en hulle het nie 'n Bybel nie – of die 70% waarop die SAUK werk (DIE KERKBLAD, 8/2/95)?

DIE GIDEONS stel duidelik dat daar weinig Bybels in die tradisioneel swart gebiede en woongebiede beskikbaar is

Waar is die Gereformeerde Kerk? Kan ons die God se Woord daar uitdra en versprei nie? Het die politiek so gedraai dat ons nie meer die gereformeerde leer daar kan uitdra nie? Doen ons genoeg vir die sending?

5. SLOT

Professor Gagiano het my uitgenooi tot 'n verdere gesprek om die onbeantwoorde sake uit te klaar. Ek onderneem om die lesers van DIE KERKBLAD ook oor hierdie gesprek in te lig sodra dit plaasgevind het.